

**Maandag 6 April**

**Skrifgedeelte: Matteus 9:1-8**

**Fokusgedeelte: Matteus 9:6, 7**

**Die Here se koninklike almag waarborg ons sondevergifnis en nuwe lewe**

**W**at verwag jy van die Here? En wat verwag die Here van jou? Hierdie vier manne met die verlamde man kom na Jesus toe met 'n gebed en 'n verwagting: Maak hierdie man gesond! Help hom in sy nood! Maar dan doen en sê Jesus wat hulle nie verwag het en waarvoor hulle nie gevra het nie: "Vriend, jou sondes is jou vergewe!" Jesus het gekom om die wortel van alle nood aan te spreek.

Dit is duidelik dat die skrifgeleerdes dit ook nie verwag het nie. Sondes kan vir hulle net deur God by die tempel met 'n offer vergewe word, daarom spreek Jesus vir hulle godslasterlik.

Jesus se reaksie is reeds koninklik, want Hy weet wat die skrifgeleerdes dink en daarom gaan Hy vir hulle bewys dat Hy mag het om sondes te vergewe. Daarom beveel Hy die verlamde man om op te staan, sy bed te vat en huis toe te gaan. Die verlamde staan toe op en loop daar uit.

Hiermee openbaar Jesus sy goddelike almag. Hy kan mense gesond maak. Hy kan lammes laat loop. Maar Hy het in die eerste plek mens geword vir dit wat die mens die nodigste het – die vergewing van ons sondes. Wie God reg ken en vertrou, sal die regte verwagtinge van God hê en sal nooit in God teleurgestel wees nie.

Wat verwag God van ons wat gehoor het: Jou sonde is vergewe? Die Here verwag van ons om op te staan, om te loop, om huis toe te gaan, in die wêreld in te stap, om te gaan leef as 'n verlore mens! Gaan leef by jou huis en in die wêreld as iemand wat vrygespreek is. Gaan leef as iemand wat God se kind is – vrygespreek van al ons sonde en swakheid. Nuutgemaak, sodat ons ook ander rondom ons nuut kan laat lewe.

*Sing: Skrifberyming 8 (5-3):1, 2*

*Ds. SA Cilliers (Sarel) (Emeritus)*